
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2023

# RELIGIESTUDIES V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.
2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
3. Beantwoord enige DRIE van die vyf vrae.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Lees al die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
7. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken word.
8. Skryf netjies en leesbaar.

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1

1.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> In 2017 was die misdaad plaasaanvalle, in 2018 was dit transito-rooftogte en vanjaar is geweldsmisdaad teen vroue en kinders, met goeie rede onder die vergrootglas.
>
> [Uittreksel geneem uit afriforum.co.za. Toegang op 12 Februarie 2023 verkry. ]

1.1.1 Ontleed die impak van misdaad en geweld in Suid-Afrika vandag. (6)

1.1.2 Bespreek DRIE maatreëls wat gebruik kan word om misdaad en geweld in skole te bekamp. (6)

1.1.3 Met verwysing na enige EEN religie, bespreek kortliks die leringe wat die uitdagings van misdaad en geweld aanspreek. (8)

1.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Alle religieë het ŉ stel leringe oor die aard van die mensdom, die wêreld, die goddelike, die skepping en ander dele van ons lewens.
>
> [Bron: *Shutters Top Klas Religiestudies Graad 12,* bladsy 56 ]

1.2.1 Wat is die rol van goddelikheid in die skepping? (10)

1.2.2 Bespreek die konsep van lewe na die dood as deel van die menslike bestaan. (10)

1.2.3 Bespreek die aard van boosheid. (10)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Alhoewel elke religie nie-onderhandelbare oortuigings het, is dit beslis ŉ verskil van interpretasie en praktyk.
>
> [Bron: *Shutters Top Klas Religiestudies Graad 12,* bladsy 79]

Kies enige EEN religie en bespreek die interne verskille onder die volgende opskrifte:

2.1.1 Verskil in bestuur (10)

2.1.2 Verskil in leringe (oortuigings) (10)

2.1.3 Verskil in praktyk (10)

2.2 Noem en verduidelik die hermeneutiese beginsels. (14)

2.3 Bespreek die konsep van *beloning* en *straf.* (6)

**[50]**


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Organisasies soos die Wêreldkonferensie van Godsdiens vir Vrede (‘World Conference of Religion for Peace (WCRP)’), Afrikaanse Vroue van Geloof (‘African Women of Faith (WCC)’), Afrikaanse Raad vir Religieuse Leiers (ACRL) (‘African Council of Religious Leaders (WPR)’), poog om harmonie tussen die religieë van die wêreld te skep.
>
> [Bron: *Shutters Topklas Religiestudies*, bladsy 103]

Bespreek die pligte van die volgende organisasies:

3.1.1 Die Intergeloofsaksie vir Vrede in Afrika (IFAPA) (8)

3.1.2 Nasionale Religieuse Leiersforum (NRLF) (10)

3.1.3 Die Afrikaanse Raad vir Religieuse Leiers (ACRL) (8)

3.2 Lees die volgende uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Sedert die aanvaarding van die demokratiese Grondwet in 1994, toe religieuse gelykheid gewaarborg is, was daar baie pogings op die vlak van godsdienstige leierskap om hartlike verhoudings tussen die religieë te ontwikkel.
>
> [Aangepas uit *Religiestudies Graad 12*, HC Steyn, bladsy 89]

Bespreek verhouding tussen religieë sedert demokrasie in Suid-Afrika. (12)

3.3 Bespreek hoe die Afrika-geïnisieerde kerke in Suid-Afrika ontwikkel het. (12)

**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 Lees die volgende uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Darwin se evolusieteorie het 'n alternatiewe verklaring vir die oorsprong van die mens gegee. Terwyl evolusie nie religieuse idees oor die skepping direk weerlê nie, is dit duidelik dat dit geen verduideliking as deel van 'n goddelike plan bied nie.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religiestudies*, bladsy 163]

4.1.1 Verduidelik kortliks Darwin se evolusieteorie. (12)

4.1.2 Bespreek EEN religie se reaksie op die evolusieteorie. (8)

4.2 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> Religieë het nog altyd verduidelikings gegee oor die skepping en die status van die mensdom. In die afgelope vier eeue het die wetenskap egter verskillende antwoorde op hierdie vrae begin bied.
>
> [Aangepas uit *Religiestudies Graad 12*, HC Steyn, bladsy 112]

4.2.1 Met verwysing na die religieë wat jy in VRAAG 4.1.2 genoem het, verduidelik hoe die heelal ontstaan het. (8)

4.2.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen Christendom en moderne Westerse sterrekundiges. (8)

4.3 Verduidelik kortliks die *Oerknal-teorie*. (14)
**[50]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5

5.1 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die volgende vrae.

> Elke religieuse tradisie het 'n begin, bron, wat normatief is. Bron verwys nie net na hierdie oorsprong nie. Dit stel ook voor hoe mense oor en oor terugkeer na hierdie norm om die antwoorde te vind waarna hulle soek. Normatiewe bronne sluit inspirasie en heilige boeke in.
>
> [Bron: *Religiestudies Graad 12*, Steyn et al.]

5.1.1 Verduidelik die konsep *inspirasie* in die konteks van religieë. (8)

5.1.2 Bespreek die belangrikheid van heilige tekste in religie. (10)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Sekularisme in 'n persoon se lewe is soortgelyk aan sekularisme in die staat. Dit behels 'n goeie verbintenis tot 'n etiek gebaseer op rede oor die menslike natuur sonder verwysing na God.
>
> [Bron: *Shutters Top Class Religiestudies,Graad 12*, bladsy 138]

Verduidelik die konsep van sekulêre humanisme in die konteks van religie. (12)

5.3 Bespreek die volgende sekulêre wêreldbeskouings:

5.3.1 Agnostisisme (10)

5.3.2 Ateïsme (10)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS